JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

NUUSBRIEF: 25 10 – 17 September 2021

OUERS:

DANKBAARHEID MUNTLEGGING:
Ons hou op Maandag, 13 September ‘n dankbaarheid muntlegging op die stoep voor die saal. Leerders kan **silwer munte** saambring **om op die letters K A N S A te pak.** Ons gaan probeer om **al die letters** vol te pak. Die geld wat ingesamel word, sal aan **KANSA** (kankervereniging) gegee word. Ons wil hê dat kinders meer dankbaar moet wees vir hulle goeie gesondheid. Daar is so baie maats wat so siek is dat hulle nie eens kan skool toe gaan nie.

SKOOL VERDAAG VROEG:
Neem asseblief kennis dat die skool op **Vrydag, 17 Septemer** vir alle grade om **10:00** verdaag as gevolg van die personeel se Strategiese Beplanning.

POPIA TOESTEMMINGSVORMS:
Ouers wat nog nie die Popia toestemmingsvorms van u kind/ers teruggestuur het nie, moet dit asseblief op **Maandag, 13 September** na die **klasonderwysers** stuur.

BOELIEWEEK 13 – 17 SEPTEMBER:
Boelie is ‘n groot probleem onder ALLE kinders. Daarom bied CARITAS volgende week ‘n boeliekursus by ons skool aan, sodat ons almal meer daarvan kan leer en hoe om dit te hanteer. Waardes soos respek en omgee sal spesiale aandag kry. Op Vrydag, 17 September sal ‘n kompetisie plaasvind! **Ons hoop hierdie kursus is tot groot waarde vir ons kinders en personeel.**

OUERBEGROTINGSVERGADERING:
Kennis geskied hiermee van die **Ouerbegrotingsvergadering** wat op **Vrydag, 5 November om 12:00,** in die skoolsaal plaasvind.

LAMMERPROJEK:
Ons hartlike dank aan die OLK en spesifiek **Wikus en Claudine Snyman** wat vir ons skool **‘n lammerprojek** in die Griekwastad-/Postmasburg-/Groblershoopdistrik van stapel gestuur het. Ons is dankbaar teenoor die volgende boere wat vir ons **lammers skenk** en hulle vir ons nog **grootmaak ook:**
Johan Combrinck / Wessel van der Vyver / Jaco Karsten / Roelf Coetzee / Jac Lambrechts / Munnik Lambrechts / Coetzee Lambrechts / Hertzog Lambrechts / Riaan Maritz en Wikus Snyman
Wees verseker dat ons dit baie waardeer!

FOTO CD’S: [AFSKEURSTROKIE]
Ouers wat belangstel om ‘n foto CD van kwartaal 1 en 2 @ R30 te koop kan die afskeurstrokie invul en saam met die kontant na die klasonderwysers stuur. **Sperdatum vir bestellings: Vrydag, 17 September**

DEPARTEMENT GESONDHEID:
Die Gesondheidsdepartement besoek ons skool en Kammaland Kleuterskool op Woensdag, 29 September. Hulle kom die volgende doen:

- HPV-inenting vir graad 5 dogters (tweede dosis)
- Wurmpille vir gr R – 7 leerders

KRIEKET:
Baie geluk aan ons 0/11 krieketspan wat teen Newton se 0/11B-span **met 8 lopies gewen he**t.
Die 0/9 en 0/13 krieketspanne speel op Woensdag, 15 September teen Newton. Die bussies vertrek om 12:45 vanaf die skool. Elke speler moet sy eie middagete saambring. Koshuiskinders sal kospakkies kry.
Kleredrag: Sportklere. Kolwers moet ‘n sweetpakbroek aanhê!
Sterkte aan Leo Wilkinson wat die naweek weer ‘n wedstryd vir die Xhariep krieketspan speel.

TENNIS:
Sterkte aan ons 0/12 tennisspelers wat Vrydag, 10 en Saterdag, 11 September aan die Jakkies 0/12 Tennistoernooi deelneem

NOVALS TENNISTOERNOOI:
Ouers wat hulle kinders vir die Novals Tennistoernooi op De Aar wil inskryf moet die sportorganiseerder asseblief voor 20 September kontak sodat reëlings getref kan word. Die toernooi vind op 22 en 23 Oktober plaas en die volgende ouderdomme neem deel:
0/8, 0/10, 0/12 en 0/14.
Spelers moes al ‘n wedstryd gespeel het en moet kan tel.

POCO PIÜ KUNSTEFEES:
Baie geluk aan die volgende leerder wat met die Poco Piü Kunstefees op Woensdag, 1 September 2021 pragtig presteer het:

NAAM:	UITSLAE:
GJ van Wyk	Klavier: Goud
	Kitaar: Goud

KOSHUIS:

Baie baie dankie aan oom Lappies Labuschagne en Lennie Wilkinson wat vir ons koshuis twee vragte mis afgelaai het vir die groentetuin. Dit word baie waardeer!



…….
PW Tait
SKOOLHOOF

GEBEDSLYS:

Siek personeel, ouers en leerders
Fanie Schoeman (operasie/toetse)

AFSKEURSTROKIE: FOTO CD

NAAM: _____

LEERDER: _____

WIL GRAAG 'N FOTO CD @ R30 BESTEL:

AANTAL CD'S: _____ BEDRAG: R _____

HANDTEKENING VAN OUER: _____

DATUM: _____

'N BEKENDE EN BELANGRIKE PERSOON KOM VIR ONS KUIER.

Op Donderdag, 23 September kom 'n **baie belangrike persoon** vir ons kuier!!!

Ons kan niks verder sê nie.....

Wonder wie dit kan wees....